

26 September

Romeine 7:17-25

Ek, ellendige mens

Hoe lyk u vir uself? U sonde? Die manier waarop u God se wet oortree? U manier van lewe? En dan moet ons dit maar erken: Ons lyk lelik en ons is korrup want ons vloek, ons haat, ons steel.

Wat kan 'n mens dan anders as om uit roep: "Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?" Ons is dan in die donker, opgeskryf vir die hel en die dood. Wie sal ons tog verlos? Dit is die smartkreet van Paulus en elke sondaar wat homself ken. Paulus wil so graag goed lewe; hy wil so graag God se wet gehoorsaam maar hy kan nie. Van nature is hy te swak. In plaas van die goeie, doen hy altyd maar weer die verkeerde.

Verskriklik! In plaas van te loof, vloek jy! In plaas van bou, breek jy af! In plaas van dien, vertrap jy! In plaas van liefhê, haat jy! Dit pla en hinder jou, maar jy bly vas in die bande van die dood. Jy smag na hulp, na verlossing. "Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?"

Hierdie sondebelydenis van Paulus moet ook ons sondebelydenis wees: "Ek, ellendige mens!" Hierdie ellende is ware ellende. Dit is om uit jou plek te wees, in absolute verlatenheid, in die dood, sonder hulp, sonder lewe. En jy sink net dieper en dieper weg in die poel van ellende - deur jou eie toedoen! Wie sal my verlos? Wie het die mag? Wie is so dat hy nie self sonde-ellende het nie? Wie het hierdie liefde? Wie sal my tog verlos? As mens so smEEK, dan weet jy ook hoe groot jou sonde en ellende is. En dan, as jy dreig om weg te sink, as alles om jou donker is, dan hoor jy die blye evangelietaal: "Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus". Dit is die antwoord op die vraag: Wie sal ons verlos? Jesus Christus gaan in ons plek deur die dood en die graf. Hy dra ons ellende. Hy versoek ons weer met die Hemelse Vader!

Sing: Psalm 32:3

Ds. R.G. Aucamp (Middelburg, KP)